Bidsnoer

Eunice Basson

Soos krale tel ek die name af
van vroue uit my kleintyd:
Johanna, Stephina en Meisie;
Miena, Anna, Griet,
wat straataf in die buurt
oor heinings ons help grootmaak,
versorg, getroos het
tot hier waar middeljariges
steun op 'n Martha en Elizabeth
vir teemaak, kook en stofsuig
in 'n wêreldjie wat krimp.

Vergeef ons die onbegrip
vir wat nie stiptelik verloop nie,
ons onbevatlikheid
vir 'n alfabet van handgebare
om taxi-roetes aan te dui,
die lukrake op- en afklimpunte
by uitgetrapte paadjies,
glibberig na die middagreën
waar julle staan en wag,
al singende en veilig gebondel
vir die saamstap huis toe
om voor sononder nog die werf te vee,
'n weglê-eier of twee te soek,
melk vir die muiskat uit te sit.

Teen sewe of agt sal iets op 'n buitevuur of tweeplaatstofie prut,
iemand sal nog water bykook vir die tee
betyds vir 'n oordenking uit Moria;

H&R Vers&Vrou-TeksFIN-2403.indb 44 24/03/2020 10:29:06 AM

agter ’n laken sal ’n vrou haar in ’n sinkbad afspons,
dankbaar vir geen lyflike aanspraak meer.
Halfvier begin die primus sis
vir iets te drinke uit ’n vroeë beker.

H&R Vers&Vrou-TeksFIN-2403.indb 45 24/03/2020 10:29:06 AM

Werkende vrou

Eveleen Castelyn

ek het die son gegroet,
my huis, my man,
die lug se voëls;
my kind getroos: toe maar
Mammie sal nou-nou weer kom;

met my koplamp
en 'n toebroodjieblik
vir 'n dagskof afgedaal
in die skag

en toe ek na halfvyf
weer uit die hysbak klim
was my kind al groot,
my man was grys
en die swaels het reeds
vertrek met die jaar se somervlug

H&R Vers&Vrou-TeksFIN-2403.indb 46 24/03/2020 10:29:06 AM